Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/**
**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V3

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Vir jou beplanning gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen beplanning elke keer VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 75 minute |
| AFDELING B: | 38 minute |
| AFDELING C: | 37 minute |

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent (VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 of 1.8) skryf.

10. Moenie die titel bytel wanneer jy die aantal woorde tel nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.

Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By VRAAG 1.5, 1.6, 1.7 OF 1.8 moet jy jou eie TITEL gee.

Jou opstel moet met die prent verband hou.

## VRAAG 1

1.1 **EK SAL DIT NOOIT WEER DOEN NIE**

Jy het iets gedoen wat jou in groot moeilikheid laat beland het *(landed you in big trouble).* Jy het besluit dat jy dit nooit weer sal doen nie.

Skryf 'n **opstel** en vertel wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het jy gedoen?
- Waar en wanneer het jy dit gedoen?
- In watter moeilikheid het jy beland?
- Waarom sal jy dit nooit weer doen nie? **[40]**

1.2 **DIE FOTO'S OP MY SELFOON**

Skryf 'n **opstel** en vertel van die foto's op jou selfoon.

Dink aan die volgende:

- Watter foto's is op jou selfoon?
- Waarom hou jy hierdie foto's op jou selfoon?
- Watter foto's is vir jou spesiaal?
- Waarom is hierdie foto's vir jou spesiaal? **[40]**

1.3 **EK HOU VAN DIE SOMER**

Daar is vier seisoene in 'n jaar. Jy hou die meeste van die somer *(summer).*

Skryf 'n **opstel** en vertel waarom jy die meeste van die somer hou.

Dink aan die volgende:

- Watter lekker dinge eet jy in die somer?
- Watter klere dra jy in die somer?
- Wat doen jy alles in die somer?
- Waarom is die somer vir jou die beste seisoen? **[40]**

1.4 **'N TIPIESE DAG IN MY LEWE**


Jy doen baie dae dieselfde dinge.

Skryf 'n **opstel** en beskryf 'n tipiese dag *(typical day)* in jou lewe.

Dink aan die volgende:

- Hoe begin jou dag gewoonlik *(usually)*?
- Wat doen jy gewoonlik in die oggend?
- Wat doen jy gewoonlik in die middag?
- Wat doen jy gewoonlik in die aand? **[40]**

1.5




[Uit: vectorstock.com] **[40]**

1.6



[Uit: iol.co.za] **[40]**

1.7



[Uit: clipartix.com] **[40]**

1.8



[Uit: istock.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 2

### 2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy was by 'n skoolkamp om vir die eksamen te leer.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou maat. Vertel vir jou maat wat julle by die skoolkamp gedoen het en hoe dit jou gehelp het.

Dink aan die volgende:

- Wanneer en waar was die skoolkamp?
- Wat het julle by die skoolkamp gedoen?
- Hoe het hierdie skoolkamp jou gehelp? **[20]**

### 2.2 FORMELE BRIEF

Daar is nie speelplek vir die kinders in jou gemeenskap *(community)* nie.

Skryf 'n **formele brief** aan die munisipale bestuurder. Vra dat die munisipaliteit 'n speelpark *(play park)* met speelgoed vir die kinders moet bou. Sê hoe dit die kinders sal help.

Gebruik die volgende adres:

Die Munisipale Bestuurder
Rustenburg Munisipaliteit
Posbus 16
Rustenburg
0300

Dink aan die volgende:

- Wat is die probleem?
- Wat wil jy hê moet die munisipaliteit doen?
- Hoe sal dit die kinders in jou gemeenskap help? **[20]**

2.3 **VERSLAG**

Jy het 'n motorongeluk *(car accident)* in die straat sien gebeur.

Die polisie het jou gevra om 'n kort **verslag** te skryf oor wat jy gesien het.

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer het die ongeluk gebeur?
- Hoe het die ongeluk gebeur?
- Wat het jy na die ongeluk gedoen? **[20]**

2.4 **RESENSIE**

Daar is 'n nuwe sepie *(soapie)* op die televisie.

Skryf 'n **resensie** oor hierdie nuwe sepie vir die plaaslike koerant.

Dink aan die volgende:

- Wat is die naam van die sepie?
- Wie speel in die sepie en waaroor gaan dit?
- Hoekom moet mense na die sepie kyk? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 60–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 3

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE EN ANTWOORD**

**LET WEL:** As jy hierdie vraag doen, moet jy die uitnodigingskaartjie (3.1.1) **EN** die antwoord op die uitnodiging (3.1.2) doen.

Jou suster gaan trou. Sy vra vir jou om die uitnodigingskaartjie te skryf.

3.1.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE** *(Ongeveer 60 woorde)*

Skryf 'n **uitnodiging** aan vriende en familie om hulle na die troue te nooi.

Dink aan die volgende:

- Wat is die geleentheid en wie word genooi?
- Waar, wanneer en hoe laat vind die troue plaas?
- Watter klere moet die gaste *(guests)* aantrek?
- Wie is die kontakpersoon en hoe kan 'n mens met hierdie persoon kontak maak?

3.1.2 **ANTWOORD OP DIE UITNODIGING** *(Ongeveer 20 woorde)*

Skryf een van die gaste se **antwoord** in 'n kort nota.
Die gas moet:

- Sê of hy/sy die troue gaan bywoon; en
- Die rede gee indien hy/sy nié die troue kan bywoon nie.

**OF**

- Sê wie hy/sy gaan saambring indien die uitnodiging aanvaar word.

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy is na 'n werksonderhoud *(job interview)* genooi.

Skryf in jou **dagboek**. Jy moet **TWEE** inskrywings maak:

- Die aand **vóórdat** jy vir die werksonderhoud gaan
- Die aand **nádat** jy vir die werksonderhoud gegaan het

Dink aan die volgende:

- Hoe jy die aand gevoel het vóór jy vir die werksonderhoud moes gaan
- Hoe jy ná die werksonderhoud gevoel het **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy stuur jou broer/suster dorp toe. Jy skryf die instruksies neer van alles wat hy/sy vir jou in die dorp moet doen.

Skryf jou **instruksies** in volsinne en puntsgewys neer.

Voorbeeld:

1. Trek geld by die OTM.
2. ...
3. ...

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**